Nasionale Inperkingstyd
Afstandsonderrig (Week 5)

Beste graad 7-ouer(s)

Ek hoop dit gaan baie goed met u en u kind. Ek kan nie glo dat ons al hierdie week met Week 5 van afstandonderrig gaan begin nie. Die kwartaal sou ook teen hierdie tyd al by Week 7 gewees het. Ek, en ek is seker die ander onderwysers ook, mis die leerders ongelooflik baie. Dit is ons passie om die leerders te onderrig, maar meer om te sien hoe hulle as mense groei en ontwikkel. Hierdie is 'n baie belangrike tyd in hul lewens! Bykans almal van hulle het uitgesien na hul laaste laerskool-jaar. Daar was 'n konsert wat beplan was, wintersport-wedstryde en -toere, Eisteddfods en nog vele meer. Ek dink wat die kinders teen hierdie tyd die meeste gaan vang, is die kwaliteit-tyd met hul vriende.

Hierdie tyd was vir u en u kind 'n baie uitdagende tyd. Nie net moet hulle nou hul skoolwerk probeer doen d.m.v. die rekenaar of tablet nie, maar u moet nou die onderwyser wees en u kind daagliks motiveer om die werk te doen, Daar is wel leerders wat pligsgetrou hul werk voltooi sonder dat mamma of pappa oor hul skouer loer, maar ons weet mos dat nie alle kinders dieselfde aanmekaar geslaan is nie. Party moet omgekoop word met tyd agter hul rekenaarspeletjies, en ander word met harde woorde kamer toe gestuur. Glo my en voel gerus dat dit nie net u is wat daarmee sukkel nie! Ek en die ander onderwysers is klaar in bespreking oor hoe ons die leerders kan motiveer en kontroleer vanaf ons kant.

Van my kant af kan ek net sê DANKIE vir die tyd, opoffering, geduld, moeite en energie wat u insit vir u kind. Ek salueer u!

Groete

Mnr. H. Haggard